

Donderdag 12 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 68

Fokusgedeelte: Psalm 68:6-7a (AFR83/AFR2020)

Fokus op weerloosheid

“’n Vader vir weeskinders en ’n beskermmer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning. God laat eensames in ’n huisgesin woon en lei gevangenes uit na vryheid ...”

Die Here is die beskermheer van weerlose en hulpelose mense. Hy tree in die ruimtes in waaroor ons maar net verleë kan wees. Hy sorg vir die wat op Hom vertrou. Hy beskerm die wat na Hom toe gaan.

Hoe jammer is dit dat mense die Here se Woord gebruik om weg te kruip vir hulle eie weerloosheid. Hoe jammer dat mense geloof en godsdiens gebruik om mensgemaakte koninkryke op te rig.

Voor God het niemand iets om op te roem nie. Gelukkig is die wat weet hoe afhanklik hulle van die Here is. Dit is die weeskind, die weduwee, die eensames en die gevangenes.

Sien, dit is juis in ons weerloosheid wat sy krag duidelik word. *“My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is ...”*

Adam en Eva moes hulle saamgeflanste vyeblare vir die Here gee sodat hy hulle kon bekleë, kon bedek. So is dit ook met ons, ons moet ontwapen word by die kruis – sodat ons bekleë kan wees met Jesus.

Wat staan in die pad van my eie weerloosheid? Waarmee verskans ek my lewe? Waarin soek ek troos? My enigste troos is Hy! En daarvoor moet ek leer om hom te vertrou met al my suksesse en al my foute. Alles gaan oor Hom.

Dit is die krag van God om ons weerloosheid met genade te ontmoet. Maar wie hoogmoedig is, sal Hy verneder. Mag ons leer om die Here te vertrou met ons weerloosheid.

Sing: Psalm 18-1:1 (Twee maal)

Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)